**TEMA:** Goeie Vrydag

"Toe het Pilatus vir Jesus geneem en Hom laat gesel. Die soldate het 'n doringkroon gevleg en dit op sy kop gesit. Hulle het vir Hom 'n pers mantel aangetrek en herhaaldelik nader na Hom toe gekom en gesê: "Ons groet u, Koning van die Jode!" En elke keer het hulle Hom geklap. Pilatus het toe weer buitentoe gekom en vir die Jode gesê: "Kyk, ek bring hom vir julle buitentoe, sodat julle kan weet dat ek geen skuld in hom vind nie." Toe het Jesus buitentoe gekom, nog so met die doringkroon op en die pers mantel aan. Pilatus sê toe vir hulle: "Dit is die mens!" Toe die priesterhoofde en die wagte Hom sien, skreeu hulle: "Kruisig hom! Kruisig hom!" "Vat júlle hom en kruisig hom," sê Pilatus daarop vir hulle, "want ék vind geen skuld in hom nie."

***Johannes 19:1-6 (AFR83)***

"Baie mense was ontsteld oor hom, hy was so misvormd dat hy nie meer soos 'n mens gelyk het nie, nie meer die vookoms van 'n mens gehad het nie."

***Jesaja 52:14 (AFR83)***

"But many were amazed when they saw him. His face was so disfigured he seemed hardly human, and from his appearance, one would scarcely know he was a man."

***Isaiah 52:14 (NLT)***

"Hierna het Jesus, met die wete dat alles klaar volbring is en sodat die Skrif vervul kan word, gesê: "Ek is dors." Daar het 'n kan vol suur wyn gestaan. Die soldate het toe 'n spons vol suur wyn op 'n hisoptakkie gesit en dit teen sy mond gehou. Nadat Jesus die suur wyn gekry het, het Hy gesê: "Dit is volbring!" Toe het Hy sy kop vooroor laat sak en die laaste asem uitgeblaas."

***Johannes 19:28-30 (AFR83)***

"Dit was die wil van die Here om hom te verbrysel, om hom die pyn te laat ly.
As hy sy lewe as skuldoffer gee, sal hy 'n nageslag hê en nog lank lewe,
deur hom sal die wil van die Here sy doel bereik."

***Jesaja 53:10 (AFR83)***